# HOËRSKOOL OUTENIQUA VAKKEUSE

Leerders in graad 10 tot 12 moet 'n totaal van ***sewe vakke*** neem.

VERPLIGTE VAKKE:

| |
|---|
| Afrikaans Huistaal en Lewensoriëntering |

KEUSEVAKKE (kies een vak uit elk van die 5 groepe):

| | | |
|---|---|---|
| GROEP 1:<br>Engels 1ste Addisionele Taal<br>Engels Huistaal | | GROEP 2:<br>Wiskunde<br>Wiskundige Geletterdheid |
| GROEP 3:<br>Fisiese Wetenskap<br>Lewenswetenskap<br>Besigheidstudie<br>Geskiedenis<br>Ontwerp*<br>Musiek | GROEP 4:<br>Lewenswetenskap<br>Rekeningkunde<br>Ekonomie<br>Toerisme<br>Visuele Kuns*<br>Landbouwetenskap<br>Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO)<br>Musiek | GROEP 5:<br>Geografie<br>Gasvryheidstudie*<br>Dramatiese Kuns*<br>Visuele Kunste*<br>Verbruikerstudie<br>Ontwerp*<br>Rekeningkunde<br>Rekenaartoepassings-tegnologie (RTT)<br>Inligtingstegnologie (IT)<br>Musiek |

BELANGRIKE RIGLYNE:

- ***Wiskunde is 'n vereiste*** vir die neem van ***Fisiese Wetenskap en Inligtingstegnologie***.
- Vakke met 'n *gemerk, bevat 'n praktiese komponent. Leerders mag ***nie meer as 2 praktiese vakke neem nie***, aangesien die take (PAT's) 'n groot hoeveelheid tyd in beslag neem.
- Vir ***Gasvryheidstudies sal 'n addisionele fooi*** (±R1 750) per jaar gehef word.
- In gevalle waar meer leerders 'n vak wil neem as waarvoor daar plek is, sal leerders gekeur word. ***Keuring*** sal op akademiese meriete en werksetiek gedoen word. Vir keuring in die praktiese vakke, mag daar van leerders verwag word om 'n praktiese taak in te handig. Leerders wat nie gekeur word nie, sal toegelaat word om 'n ander vak te neem.
- Leerders wat ***Engels Huistaal*** wil neem, moet 'n ***gemiddeld van 75% of hoër*** in graad 9 vir Engels 1ste Addisionele Taal behaal.

VRYSTELLING TOT GRAADSTUDIES:

- Slaag 4 vakke met prestasiepunte van 4 (50%) of hoër.

*Tersiêre instellings. kan hulle eie kriteria voorhou vir toelating tot kursusse wat hulle aanbied.*